



ALGEMENE REËLS EN REGULASIES

Afwesigheid vanaf koshuis- en skoolgronde:

- Leerders word nie toegelaat om enige tyd die dorp te besoek nie.
- Indien daar iets ongewoon voorkom, kan toestemming van die koshuisvader verkry word d.m.v. 'n e-pos. Ouers moet die koshuisvader per e-pos voor 11:00 van die betrokke dag in kennis stel van sulke reëlins. Die ouer moet ook laat weet saam met wie die leerder sal gaan. Daar moet melding gemaak word van die tyd uit en die tyd terug. Dit moet verkieslik 'n ander ouer van die skool wees nie die leerder se vriend of vriendin nie.
- Die besoek aan 'n gimnasium: Leerders moet gebruik maak van die gimnasium op die skool perseel. Geen leerder mag van die dorp se gimnasiums gebruik maak nie, aangesien geen beheer toegepas kan word nie en die leerder onnodig ingevaar kan stel. Hierdie toestemming kan in die geval van 'n gimnasium per kwartaal verkry word. In so 'n geval moet daar 'n toestemmingsbrief van die leerder se ouers ingehandig word binne 5 dae na die aanvang van die kwartaal.
- Alle dorpsbesoeke sal geskied in skooldrag of in skoolsweetpakke in die geval van besoek aan 'n fisioterapeut.
- Geen leerder mag die skool swembad, sonder die toesig van 'n personeellid, besoek nie.
- Daar word van elke leerder verwag om hom/haar so te gedra asof hy op die skool- of koshuisterrein is, en bly hy/sy onderhewig aan die koshuisreëls, selfs tydens besoeke buite die koshuisgronde.
- Geen leerder mag gedurende die week uitslaap nie. Indien 'n leerder in die aand toestemming moet kry om die koshuis te verlaat, moet die ouers die koshuisvader per e-pos voor 11:00 van daardie dag in kennis stel. Die ouer moet ook laat weet saam met wie die leerder sal gaan. Dit moet 'n ander ouer van die skool wees en nie die leerder se vriend of vriendin nie. Dit is die plig van die leerder om 'n afskrif van die e-pos by die koshuisvader te verkry en by die personeellid aan diens inhandig.

Besoekers by die koshuis

- Leerder mag besoekers ontvang tydens die tye daarvoor ingeruim.
- Die besoekers mag slegs ontvang word in die ruimtes wat vir die doel ingeruim is.

- Geen kuier in motors word toegelaat, buiten die leerder se ouers se voertuig nie.
- Geen besoekers van buite word in leerders se kamers toegelaat nie.

Toegang tot kamers

- Geen meisie word in die seuns se kamers toegelaat nie en geen seuns word in die meisies se kamers toegelaat nie.
- Die kamers moet ten alle tye toeganklik wees en mag nie gesluit word deur die leerders nie.
- **Geen leerder word in die personeel se wonings/woonstelle toegelaat nie.**

Waardevolle items

- Leerders bring waardevolle items en geld op eie risiko saam. Die bestuur en/of personeel kan geen verantwoordelikheid aanvaar ingeval van diefstal nie.
- Leerders het kaste wat kan sluit.

Sellulêre telefone

- Geen telefoonoproepe mag tydens ete, studietye of na ligte uit, ontvang of gemaak word nie. Indien ouers gedurende hierdie tye kontak wil maak, word u versoek om direk met die koshuisvader of koshuismoeder kontak te maak.
- Indien leerders gedurende bogenoemde tye hul skuldig maak aan 'n oortreding, sal die instrument gekonfiskeer word.
- Leerders moet hulself daarvan weerhou om hul skuldig te maak aan uitlatings / kommentaar op sosiale media wat kan lei tot crimen injuria (naamskending) klagtes deur die SAPD.

Siektes

- Siek leerders moet by die koshuisvader/moeder / personeellid aan diens, aanmeld. Geen leerder mag in die koshuis bly nie en leerder moet by die skool se siekeboek aanmeld. Ouers sal gekontak word om die leerder na 'n mediese praktisyn te neem.

Etes

- Leerders is verplig om alle etes by te woon. Leerders moet ook daaglik inteken vir etes. Indien 'n leerder nie in staat is om 'n ete by te woon nie, of by aktiwiteite betrokke is, moet vooraf met die koshuisvader gereël word.
- Daar word van elke leerder verwag om behoorlik geklee te wees tydens ete, wat skoene/plakkies insluit. Ontbyt en middagetes word in skooldrag bygewoon.
- Leerders mag gedemp tydens etes gesels. Geen leerder word toegelaat om onnodig rond te loop in die eetsaal nie.
- Geen koshuis eetgerei mag uit die eetsaal of kombuis verwyder word nie.
- Die eerste maaltyd is Maandagoggend en die laaste Vrydag middag.

Studie

- Alle leerders is verplig om die studietye te eerbiedig.
- Indien 'n leerder afwesig is van 'n studietyd moet 'n verskoningsbrief ingehandig word by die koshuisvader.
- Indien 'n leerder nie die studie kan bywoon nie moet toestemming hiervoor vanaf die koshuisvader verkry word. 'n SMS/Whatsapp boodskap is nie toelaatbaar nie.

Persoonlike gewoontes

- Die gebruik van alkohol, verdowingsmiddels en/of enige ander vorm van gewoontevormende middels word ten sterkste verbied.
- Geen leerder mag in die koshuis, op die koshuis- of skoolterrein rook nie.
- Die leerder moet sover moontlik nie enige prente teen die mure plak nie.
- Geen harde musiek of musiek van swak smaak word toegelaat nie.
- Draagbare luidsprekers (bv. Shock Speakers) word nie toegelaat nie.
- Dit word van leerders verwag om direk na middagete siviele klere aan te trek, behalwe waar dit verplig word dat die leerder steeds skoolklere moet aanhê.
- Geen ontgroening word in die koshuis toegelaat nie.
- Geen gevaarlike speletjies of speelgoed in en om die koshuis toegelaat nie.
- Daar word van elke leerder verwag om sy/haar kamer netjies te hou, wat insluit om alle koshuismeubelment skoon en netjies te hou. Leerders moet hulself weerhou om graffiti teen kasdeure, deure, mure en badkamer deure/mure aan te bring.
- Indien 'n leerder hom/haar skuldig maak aan enige wyse van saakbeskadiging sal ten sterkste teen hom/haar opgetree word.
- Elke leerder is verantwoordelik vir sy eie kamer. Die kamers moet sinlik en netjies wees.
- Indien die personeel aan diens van oordeel is dat die leerder se kamer nie netjies is nie moet die saak onmiddellik met die koshuisvader opgeneem word waarna opgetree sal word volgens die gedragskode.
- Daar word in die algemeen van leerders verwag om alle dissipline van toepassing op die koshuis te handhaaf. Dissipline wat op die skool van toepassing is, is ook op die koshuis van toepassing en geen leerders uitgesluit van enige reëls hierbo genoem nie.

Algemeen

Die volgende is algemene riglyne wat gestel word om ordelikheid en dissipline in die koshuis te handhaaf:

- Daar word van leerders verwag om ordentlik teenoor mekaar, die personeel en die publiek op te tree.
- Indien die leerder die koshuis gedurende die jaar wil verlaat om na 'n ander skool te gaan, moet daar voortydig (30 dae) kennis gegee word. Die kennismaand is voluit betaalbaar.
- Indien 'n leerder laatstudie wil neem, moet toestemming by die personeel aan diens verkry word. Laatstudie sal nie na 22:30 toegelaat word nie.
- Die leerders kan bymekaar kuier op die vasgestelde en voorgestelde plekke, maar sou leerders hulle skuldig maak aan enige onvanpaste optrede kan en sal hierdie voorregte onmiddellik ingetrek word en sal daar teen die oortreders opgetree word.
- Geen ander perseel, hetsy studie-, eetsaal, kamers of gange mag gebruik word as kuierplek nie.
- Die koshuisvader en personeel aan diens behou hulle die reg voor om te enige tyd in die studie-, eetsaal, gange en in leerder se kamers die nodige inspeksie te doen om te kyk of daar voldoen word aan die reëls soos duidelik uitgespel.
- Alle leerders studeer in die studiesaal, vir die eerste kwartaal. Leerders wat na die eerste kwartaal 'n gemiddeld van 80% of hoër het mag in hul kamers studeer. Leerders wat hierdie voorreg geniet, mag weens wangedrag gedurende studietyd, van die voorreg ontnem word en na die studiesaal verwys word.
- Indien daar enige klagtes sou wees van 'n leerder, of sy/haar ouers aangaande die hoeveelheid of gehalte van die kos, moet dit skriftelik aan die koshuisvader oorhandig word en skriftelike terugvoering moet aan die ouers van die leerder verskaf word.
- Daar word van leerders verwag om bedagsaam te wees teenoor die personeel en enige optrede wat nie ooreenstem met die reëls van die koshuis nie, dadelik te laat rapporteer.
- Daar rus 'n verpligting op elke leerder om 'n oortreding te rapporteer en nie deel te vorm van die weerhouding van inligting nie.

- Die stuur van 'n e-pos aan die koshuisvader / administrasie word beskou as tweerigting kommunikasie. Enige versoeke wat per e-pos ontvang word, sal deur die bestuur bespreek word en die uitslag daarvan sal gekommunikeer word.
- Die elektriese proppe in die kamers mag slegs gebruik word vir klein elektroniese instrumente (Selfone, skootrekenaars en haardroërs), (Kroegyskassie word toegelaat teen 'n minimale fooi ekstra per maand). Geen ander elektriese toebehore soos bv. ketels, mikrogolfoonde, warmkomberse, waaiers en verwarmers is toelaatbaar nie. Die koshuisvader/personeel behou die reg voor om nie toelaatbare toebehore te konfiskeer.

Strafbepalings

Alle oortredings word deur die koshuisvader/dissiplinêre hoof hanteer. Oortredings sal deur die koshuisvader en lid van Beheerliggaam verantwoordelik vir koshuis aangeleenthede hanteer word. Oortredings word in die leerder se lêer geplaas. In ernstige gevalle sal van ouers verwag word om dadelik na die skool/koshuis te kom en sodoende die saak af te handel. Hierdie oortredings word d.m.v. 'n dissiplinêre verhoor hanteer en kan lei tot algehele uitsluiting van die leerder uit die koshuis.

Volledige dissiplinêre beleid is by die koshuiskantoor beskikbaar.